Erediens: **1ste Sondag na Trinitatis**
Gelewer: **2 Junie 2024 in Kroondal**
Preekteks: **Jeremia 23, 16 - 29**
Prediker: **Pastor Horst Müller**

16So sê die Here die Almagtige:
Julle moenie luister na wat die profete sê nie, die profete wat vir julle as profete optree. Hulle wek vals verwagtings by julle, hulle praat oor visioene wat hulle self uitdink, nie oor wat die Here sê nie.
17Hulle hou aan om vir dié wat My minag, te sê: "Die Here sê daar sal vrede vir julle wees." Vir dié wat hardkoppig is, sê hulle: "Daar sal nie 'n ramp oor julle kom nie."
18Wie het in die raadskamer van die Here gestaan? Wie het alles gesien?
Wie het gehoor wat Hy sê? Ja, wie het na sy woord geluister, wie het dit gehoor? 19Kyk, die gramskap van die Here laat 'n stormwind waai, 'n orkaan sal op die goddeloses afkom. 20Die toorn van die Here sal nie ophou voordat Hy sy plan uitgevoer het en gedoen het wat Hy besluit het nie. Daar kom 'n tyd dat julle dit alles goed sal verstaan.
21Ek het nie hierdie profete gestuur nie, tog het hulle met 'n boodskap rondgehardloop; Ek het nie met hulle gepraat nie, tog het hulle as profete opgetree.
22As hulle in my raadskamer gestaan het, sou hulle my woorde aan my volk meegedeel het en my volk van hulle verkeerde koers af laat wegdraai het, van hulle sondige dade af.
23Ek is nie 'n God wat net naby is nie, sê die Here, Ek is 'n God wat ook ver weg is. 24Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat Ek hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde, sê die Here.
25Ek het gehoor wat sê die profete wat sonder opdrag in my Naam as profete optree. Hulle sê: "Ek het 'n droom gehad, ek het 'n droom gehad!" 26Hoe lank sal die profete wat sonder opdrag optree, die profete wat leuens uitdink om te verkondig, nog aanhou hiermee? 27Hulle dink hulle sal my volk my Naam laat vergeet met die drome wat hulle vir mekaar vertel, net soos hulle voorvaders my Naam deur die Baäl vergeet het. 28Die profeet wat 'n droom gehad het, mag vertel wat hy gedroom het, maar hy wat my woord ontvang het, moet my woord eerlik oordra. 'n Mens kan nie strooi met die beste koring vergelyk nie, sê die Here. 29My woord is soos vuur, sê die Here, soos 'n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word.

Liewe gemeente,
Hierdie woorde pas nogal in ons tyd van verkiesing (en ander verkiesings wêreldwyd!). Verlede Sondag nog het baie politici eredienste besoek. Verkiesingsbeloftes is aangepas om vir die gelowiges smaaklik te klink. En priesters, profete, dominees, biskoppe - watter titels ook al - het met handoplegging vir hulle gebid en hulle geseën.

Baie van dié politici sal nou vir ´n lang tyd nie meer in ´n kerk te siene wees nie - want die verkiesing is verby, en nou het hulle nie meer ons stemme nodig nie.
Dis nie ´n nuwe verskynsel dat politici die kerk agter hulle wil hê nie. In die tyd van Jeremia was die verband tussen tempel en koning baie nou, en baie belangrik. Altwee is gesien as dienaars van die Here, en hulle was van mekaar se ondersteuning afhanklik. Die profete moes die woord van die Here oordra, en die Koning moes dit uitvoer. Profete soos Jeremia het maar swaar gekry, want niemand wou hoor wat hulle te sê gehad het nie. Hulle boodskap was ongemaklik. Daarom was daar gewoonlik ´n hele gros profete wat om die koning geskaar was en dié dinge gesê het, wat almal graag wou hoor. Hulle het vertel van drome wat die Here gegee het, wat voorspoed belowe het, rykdom, vooruitgang.
As daar dan ´n Jeremia kom wat van oordeel oor die regeerders praat, en wat die profete leuenaars noem - wel, hulle moes stil gemaak word. In Jeremia se geval is hy gevang en in ´n put gegooi met die hoop dat hy nie sal oorleef nie.
Die probleem is egter, dat jy wel die boodskapper kan stil maak - maar die boodskap bly geldig - soos wat die koninkryk van Juda en sy profete ´n paar jaar later moes agterkom, toe die land oorval en vernietig is, en groot gedeeltes van die volk in ballingskap gekom het.
Met Jesus het ´n nuwe tydperk aangebreek. Hy het dit duidelik gestel dat sy koninkryk nié van hierdie wêreld is nie, een ook aan sy dissipels gesê dat hulle nie soos die heersers van hierdie wêreld moet wees nie - hulle moet nie met mag en krag oor ander heers nie, maar dienaars wees.
Nogtans het die Christene deur die eeue heen altyd weer probeer om kerk en staat saam te laat gaan. Dit het begin toe die Romeinse Ryk die Christelike geloof as staatsgeloof verkondig het, en die kerklike amptenare staatsamptenare geword het. Dit het daartoe gelei dat die kerk al hoe magtiger geword het, en saam met dit ook meer gewelddadig. Kerk en keiser het saam bloedige kampanjes gevoer. Die kerk kon nie meer ´n profetiese stem teenoor die keiser wees nie, want die kerk self was korrup en magsbehep.
Alhoewel die hervorming ´n nuwe begin gebring het, was daar steeds baie noue bande tussen kerk en staat. Calvyn het selfs probeer om ´n goddelike staat te stig, wat toe baie vinnig gewelddadig teenoor dié geword het wat anders dink. Daar is selfs gevalle gewees waar ander Christene verbrand is omdat hulle teen die kinderdoop gekant was.
In die vorige eeu het Adolf Hitler in Duitsland baie sterk op die ondersteuning van die kerk gesteun. Hy het selfs ´n ryks-biskop aangestel, wat sy veldtogte geseën het en die “Duitse Christene” agter Hitler geskaar het. Ons weet hoe die katastrofe geëindig het.
In die ou Suid Afrika was die noue band tussen regering en kerk in die “Christelike Nasionale sisteem”. Kerke het ook seën op oorlog en ongeregtigheid gegee. En vandag steun die Russies-Orthodoxe kerk in Rusland nie net die oorlog nie, maar spreek gereeld die seën oor Putin uit.
In al die gevalle is profetiese stemme wat krities was, soos Jeremia destyds, verdryf, gevange geneem of selfs tereg gestel.

Wat is die doel van hierdie geskiedenis les? Wel, die Skriflesing uit Jeremia maan ons om nie alles en almal te glo wat kom met vroom woorde nie. In teendeel - wanneer magtiges beweer dat hulle “in die Naam van die Here” optree moet ons dubbel versigtig wees - of dit nou ´n politieke leier is, ´n geestelike leier of wie ook al. Hoe kan ons weet of so iemand wel in die Naam van die Here praat en optree?
Een wenk kry ons uit Jeremia 23 v 22: ***As hulle in my raadskamer gestaan het, sou hulle my woorde aan my volk meegedeel het en my volk van hulle verkeerde koers af laat wegdraai het, van hulle sondige dade af.***
Ek glo dat dit ook ´n maatstaf is waarmee ons politici en partye moet meet - en ek hoef nie te sê hoe baie daardie toets vaal nie.
Die ander maatstaf het ons in vandag se Epistel 1 Joh 4,13-21 en Evangelielesing Lukas 16,19-31gehoor. Daar is dit baie duidelik dat Christene geroep is om ´n verskil te maak deur om te gee.
Ons kan nou wel nie die nood van die hele land verlig nie. Maar ons kan daar waar ons is, en waar dit in ons mag is om ´n verskil te maak, iets doen. Die ryk man in Lukas 16 was so gewoond aan die bedelaar voor sy deur dat hy hom nie eers meer raak gesien het nie. Ek kan nie by elke bedelaar stop nie - maar ek kan bid: Here, maak my oë oop sodat ek kan sien waar ék ´n verskil kan en moet maak.

In Jeremia 23 het ons gehoor dat die Here sê: ***My woord is soos vuur, soos 'n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word***
Alhoewel ek soms wens dat die Here met sulke kragtige vertoning van sy mag teenoor die magtiges sal optree, wys die geskiedenis dat die woord van God dikwels wel kragtig, maar stil, stil werk.
Oor die eeue heen was dit die standvastige Christene op grondvlak wat op hulle stil manier ´n groot verskil gemaak het. Die vuur en die hamer was dikwels ´n klomp klein vlammetjies, wat lig gebring het, en ´n klomp klein hamertjies wat onreg afgebreek en verhoudings gebou het.

Soms sien ‘n mens ´n groot rots wat uitmekaar gebreek word deur ´n boompie wat in ´n kraak begin groei het.
Mag ons as Christene in Suid Afrika sulke boompies wees, mense wat na die Here luister en nie na valse profete wat beweer dat hulle in Sy Naam praat nie. Mag ons liefde saai en uitleef, versoening bring. En bo dit alles: Mag ons voorbidders wees vir dié wat nou na die verkiesing gaan regeer, en mag die Here gee dat onder hulle baie sal wees wat teen onreg en korrupsie opstaan en nie deel daarvan word nie.

Die Here gee om vir ons land - en hy wil ons gebruik om dit te wys!

Here, laat U woord indring in die koppe en harte van ons Christene, en laat U liefde deur ons uitgeleef word in hierdie land. Gee ons moed, gee ons krag. Dankie dat ons nie alleen staan nie, maar dat U baie ander ook roep. Amen

Horst Müller, hmuller@nelcsa.net